**1 April** **Skrifgedeelte: Matteus 15:1-9**
**Fokusgedeelte: Matteus 15:8-9**
**HK, Vraag 91**

## Lewende briewe van Christus

Jou geloof moet nie in die geheim beoefen word nie. Geloof kom juis uit in die lewe van elke dag (1 Tim 5:25): "So is dit ook met goeie dade: almal kan dit sien. En dié wat nie sigbaar is nie, kan nie verborge gehou word nie."

Christus leer in Matteus 5:16: "Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Ons is ligtende ligte en soutende sout in die wêreld. Lig verdryf die donker. Sout gee smaak, keer verderf en is wit/rein.

Ons moet goeie werke doen! Wat is goeie werke? Dit is die werke wat uit 'n ware geloof volgens God se wet tot sy eer gedoen word. Menslike voorkeur of denke is geen maatstaf vir goeie werke nie. Christus leer ons in Matteus 15:8 en 9 juis wat goeie werke nié is nie. Hy haal aan uit Jesaja 29:13: "Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af." Dit help niks dat hulle God probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie.

Is jy 'n lewende brief van Christus? Kyk na jou lewe om die antwoord te kry.

*Ds. W Vogel (Cachet)*

~~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~~